

17

GETUIENIS EN BELYDENIS

Ons gesin se geloofstorie

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet weet dat hul gesin ook oor Jesus en hul geloof moet praat.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet dat hul gesin hul eie unieke verhouding met God het.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet dankbaar wees dat hulle in 'n gelowige gesin lewe.

Vaardigheid

Die ouers en kinders moet in staat wees om te praat oor hul eie verhouding met God en hul geloof.

MEER INLIGTING (Deuteronomium 6: 4 -7; Josua 24: 1-15; Lukas 24: 13-35)

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is in ringe ingedeel en in elke ring is daar 'n aantal gemeentes. Die gemeente bestaan uit gesinne en enkelinge. Ons weet ook dat elke gesin uniek saamgestel is. Hieruit kan ons die afleiding maak dat die kern binne elke gemeente die gesin is. Lees ons die Ou Testament, sien ons dat die huisgesin ook daar die kern van godsdiensoefening en geloof vorm. Ouers en ook grootouers het 'n groot rol in die opvoeding van die kinders gespeel. Maar baie belangrik: Kinders het God binne die kring van die huisgesin leer ken. Voor die Bybel neergeskryf is, is die gebeurtenisse waar God ingegryp het in mense en gesinne se lewens, van een geslag na die ander mondelings oorgedra. Kinders is tuis onderrig oor hoe God betrokke was by die voorgeslagte. Hulle is ook geleer van God se verbond met hul volk, die Israëliete.

Dit is belangrik om te weet dat wanneer God in die Ou Testament ingegryp het in 'n man se lewe, daardie man se vrou en sy kinders, sy hele gesin, ook daarby ingesluit was. Daar is talle verhale wat ons iets hiervan vertel. Dink maar aan Josef en sy broers, aan Ragab en haar

gesin. In die toespraak van Josua voordat die volk die beloofde land in besit geneem het, sê hy vir die volk dat hulle elkeen self die keuse moet maak of hulle God gaan dien. Hy maak dan die opmerking dat wat hom aanbetref, hy en sy gesin die Here sal dien.

In die Nuwe Testament is verskeie verhale opgeteken van waar 'n lid van die gesin tot bekering kom en dan word die hele huisgesin gedoop, wat logies die vrou en kinders en selfs ook die slawe ingesluit het. So het hulle almal deel van die plaaslike gemeente geword.

Kyk ons na die kerkgeskiedenis, veral hier in ons eie land en Kerk, kom ons agter dat huisgodsdienste en die onderrig van die kinders ten opsigte van die Bybel en geloof by die huis deur die ouers en grootouers gedoen is. In die vroeë jare van ons Kerk se geskiedenis was predikante in die Kaapkolonie skaars en die mense het ver van die dorpe en kerke gewoon. Tog was hulle huisgesinne van God. Tydens die Groot Trek en die vestiging van die Kerk in die binneland was daar ook nie predikante nie. Vir bykans 60 jaar in ons eie Kerk se geskiedenis was predikante baie skaars. Mense het op plase gewoon en kon nie elke Sondag die eredienste en die katekese bywoon nie. Die kinders is daarom in die huis deur die ouers gekatkiseer. Ouers het hul doopbeloftes ernstig opgeneem en dit na die beste van hul vermoë nagekom.

Uit die Bybel en die geskiedenis leer ons dat die gesin die bousteen van elke gemeente is. Die hartseer is dat daar in ons tyd baie min oor God, die Bybel en geloof in ons huise gepraat word. Ouers en kinders praat dikwels nie met mekaar oor sake van geloof nie.

In Lukas 24: 13-35 lees ons van die twee Emmausgangers. Hul geskiedenis verloop soos volg:

Jesus het ook ander volgelingen gehad as net die twaalf dissipels wat altyd saam met Hom was. Sommige van hierdie volgelingen het in dorpe rondom Jerusalem gewoon. Op die Sondagmôre waarop Jesus uit die dood opgestaan het, was twee van hulle op pad van Jerusalem af huis toe. Hulle het in Emmaus gewoon, omtrent twaalf kilometer noordwes van Jerusalem.

Hulle het met mekaar gepraat oor die dinge wat die afgelope dae daar in Jerusalem gebeur het. Hulle was waarskynlik deel van die mense wat gesien het hoe Jesus gemartel en gekruisig is. Miskien het hulle selfs gesien hoe die soldate sy lyk van die kruis afgehaal het nadat Hy gesterf het. Terwyl hulle stap en gesels, sluit Jesus by hulle aan. Hulle het Hom glad nie herken nie. Jesus vra toe waarvoor hulle so loop en gesels.

Een van die manne, Kleopas, spreek sy verbasing uit dat hierdie "vreemdeling" nie weet van alles wat die afgelope dae gebeur het nie. Hulle vertel vir Hom wat gebeur het, selfs van die ontstellende nuus dat Jesus se graf leeg gevind is en dat vroue vertel dat Jesus aan hulle verskyn het. Hulle het verwag dat Jesus die Messias was, maar alles het so tragies met sy kruisiging geëindig.

Geduldig het Jesus met hulle begin praat. Hy het hulle geleer oor wat daar in die Ou Testament van God gesê word en vir hulle die Skrif uitgelê. Hy het verduidelik dat die Seun van God aan die kruis moes ly en sterf om vir die sondears se sondeskuld te betaal. God het Hom gestraf in plaas van die mense waarvoor Hy so oneindig lief is. Toe hulle in Emmaus kom, het hulle Jesus na hul huis genooi en iets te ete aangebied. Toe Jesus die brood breek, het hulle Hom herken, en Hy het verdwyn. Hulle sê toe vir mekaar: *Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat het en vir ons die Skrif uitgelê het nie?*

Dit is interessant dat hul harte warm geklop het toe hulle onderrig ontvang het oor wie Jesus presies was. Hulle het iets ervaar toe die Skrif vir hulle uitgelê is. Vir die eerste keer het hierdie Emmausgangers geleer wie Jesus eintlik is en was. Onderrig oor God uit die Bybel is noodsaaklik vir ons verhouding met God. Ek kan nie in God glo as ek Hom nie ken nie. Ek kan net op Hom vertrou as ek Hom ken. Wanneer ons oor God praat, word Jesus die fokuspunt in ons huise en leer ons die ware God en Jesus Christus ken. Daar gebeur iets opwindend met ons, net soos met hierdie twee mense wat op pad was na Emmaus.

Deuteronomium 6: 4-7 leer ons nog iets belangrik oor die plek van God in ons lewens. Daar ontvang almal van ons die opdrag om God lief te hê met hart, siel en met al ons krag. Maar dan word daar 'n uiters belangrike opdrag van die Here gegee: *Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.* Om ons kinders van die Here te leer, is 'n vier en twintig uit die vier en twintig uur, sewe dae uit die sewe dae se taak. En hierdie opvoeding moet gedoen word soos dit daar staan: *Jy moet dit op jou hande, jou voorkop, jou deurkosyne en jou stadspoort skryf* – in wat jy doen en dink, in wat in jou huis en dorp gebeur, moet almal kan sien dat hierdie gesin kinders van die Here is.

Vandag kan ouers nie meer staatmaak op die skool en die onderwysers om hul kinders oor die Here en sy Woord te onderrig nie. Ons leef in 'n samelewing waar al minder mense werklik gelowiges is, daarom is dit noodsaaklik dat ouers hul doopbelofte nakom deur op hierdie opdrag van die Here in Deuteronomium ag te slaan. Ouers is self verantwoordelik vir die onderrig van hul kinders. Ons sal almal moet leer om in ons huise oor ons eie geloof en geloofservaringe te praat. Ouers sal moet seker maak dat hulle in hul gesin praat oor wat in die erediens en by die kategeese gebeur het.

Wanneer hierdie dinge in 'n gesin gebeur, sal kinders nie net besef dat geloof nie net 'n saak is waaroor die Bybel praat en wat ander mense raak nie, maar iets wat hulleself raak. Só sal elke huisgesin in die gemeente huisgesin van God word en wees.

Ouers sal hul kinders ook moet leer dat dinge by God anders werk as in die wêreld. In die wêreld ontvang ons belonings – miskien 'n sertifikaat of iets anders – wanneer ons byvoorbeeld hard werk. Dalk ook geld of rykdom. By God werk dit anders. Ek dien, eer en is aan Hom gehoorsaam, nie om iets van Hom te ontvang nie, maar om dankie te sê vir alles wat ek reeds van Hom ontvang het.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Genoeg stroke wit lap om bandanas te maak vir die hoeveelheid mense wat hierdie geleentheid gaan bywoon.
- Kokipenne van verskillende kleure, of verskeie kleure lapverf.

KOM ONS BEGIN

Open met Skriflesing uit Deuteronomium 6: 4-13, en almal bid hardop die Ons Vader-gebed saam.

HET HULLE ONTHOU?

Die kinders kry die geleentheid om hul belydenis voor te lees.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Vra die volgende vrae, laat die kinders hul menings gee en bespreek dit in die groter groep:
 - Hoekom is dit belangrik dat 'n gesin saam hul geloof bely en uitleef?
(As mense wat saamwoon nie dieselfde geloofswaardes uitleef nie, is daar 'n groot potensiaal vir spanning, verskille en onmin. Ander antwoorde is ook moontlik.)
 - Wat gebeur met gesinne wat byvoorbeeld nie saam die erediens bywoon nie?
(Hulle kan nie altyd saam gesels oor geloofsake nie; hulle gaan nie saam hul geloof konkreet uitleef deur op 'n spesifieke plek diens te lewer nie, ensovoorts.)
 - Hoe hanteer gesinne krisisse as hulle nie 'n geloofslawe deel nie?
(Hulle kan sielkundiges, dokters, ensovoorts, gebruik, maar hulle gaan nie dieselfde waardes uit God se Woord hê waardeur hulle hulself verbind/laat bind nie – “commitments”. Ander antwoorde is ook moontlik.)

IETS INTERESSANT

Maak die besonderhede by MEER INLIGTING jou eie en lees dit gevoelvol voor. Maak seker dat die ouers en kinders die inhoud verstaan.

IETS BELANGRIK

Lees Lukas 24: 13-35 en skerp die volgende in:

- In die Ou Testament –
 - vorm die huisgesin die kern van godsdiensoefening en geloof.
 - het ouers, oupas en oumas 'n groot rol in die opvoeding van die kinders gespeel.
 - het kinders God binne die kring van die huisgesin leer ken.
 - is God se ingryping in mense se lewens mondelings oorgedra voor dit neergeskryf is.
 - is 'n vrou en 'n gesin ingesluit wanneer God ingegryp het in 'n man se lewe.
- Wanneer gesinne in die Nuwe Testament tot bekering gekom het, is die kinders en slawe as deel van die huisgesin gedoop.
- In die kerkgeskiedenis het huisgodsdiensoefening 'n groot rol binne die gesin gespeel.
- Die gesin is die bousteen van elke gemeente.
- Jesus is die hoeksteen van elke gesin en die gemeente.
- Die Emmausgangers leer ons dat waar ons oor God praat, Jesus die fokuspunt in ons huise word.
- In Deuteronomium 6: 4 -7 leer ons die volgende oor God se goedheid:
 - Jy moet jou kinders daarvan leer, vier en twintig uit die vier en twintig uur, sewe dae uit die sewe.
 - *Jy moet dit op jou hande, jou voorkop, jou deursnyne en jou stadspoort skryf.*

- *Dit beteken:* In wat jy doen en dink, in wat in jou huis en dorp gebeur, moet almal kan sien dat hierdie gesin kinders van die Here is.

IETS OM TE DOEN

- Elke huisgesin kry nou die geleentheid om iewers alleen bymekaar te kom en te praat oor hul eie verhouding met God en hul geloof. Moedig die ouers aan om met hul kinders te praat oor die tye toe hulle die hand van die Here in hul eie lewens kon ervaar, en wat dit vir hulle beteken het.
- Laat elke huisgesin ook praat oor hoe hulle in die toekoms oor hul geloof, oor Jesus Christus en die Woord van God gaan praat. Hulle moet besluit hoe hulle 'n gelowige huisgesin vir God gaan wees.
- Elke huisgesin skryf hul onderneming om as huisgesin van God te leef op die bandanas neer, en elke lid van die gesin bind dit om sy of haar kop vas.

Na die gesinsgesprekke kom almal weer in die groot groep bymekaar en gee terugvoer oor hul gesprek. Vra almal om ook te sê hoe hulle gevoel het toe hulle oor God gepraat het. Gee aan elke gesin die geleentheid om ook te sê wat hulle gaan doen om van nou af huisgesin van God te wees. Elke gesin behoort so 'n onderneming te maak.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle by Les 19 gaan neerskryf –

- wat hulle gedurende die week in die gesin vir mekaar gesê het oor God en hul geloof.
- watter Skrifgedeeltes hulle tydens huisgodsdienste gelees en bespreek het.
- wat hulle oor hul gesin se morele en geloofswaardes gesê het. Dit is die dinge wat ons dink en glo goed of sleg, reg of verkeerd is – wat ons behoort en nie behoort te doen nie.

LEER

- Laat hulle die volgende teks gaan leer: *Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien* (Jos 24: 15b).
- **BAIE BELANGRIK:** Gaan vandag reeds Les 19 deur. Indien jy jousef nie kundig genoeg ag om die les aan te bied vir seuns en meisies in dieselfde klas nie, reël in samewerking met jul predikant betyds 'n bevoegde en kundige persoon om dit te kom doen. Voorsien hom of haar van die inhoud van Les 19.

AFSLUITING

Sluit af met die sing of lees van Gesang 292: 1 en gebed.

My enigste troos in lewe en dood

*is dat ek aan Jesus Christus behoort.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –
dis my anker, vaste hoop.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
dis my anker, my vaste hoop.*